Jaargang 10 Uitgawe 198
21 Januarie 2022

# KOERSVAS

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

In **hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte en Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Waarheid in 'n wêreld van alternatiewe feite.**

Wat is waarheid? Hierdie vraag wat Pilatus byna 2000 gelede gevra het, het die laaste tyd al hoe meer relevant geword. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek definieer ***waar*** as "iets wat *eg, seker, wesenlik* en *reëel* is. Sinonieme van waarheid is *akkuraatheid, werklikheid* en *realiteit*." Die HAT definieer waarheid as "*wat waar is; in ooreenstemming met feite*".

Indien die waarheid gebaseer is op feite – op wat regtig waar is of gebeur – sou jy kon aanneem dat dit 'n eenvoudige saak sou wees om te onderskei tussen die waarheid en die leuen, maar in die moderne samelewing is dit iets wat moeilik is vir die meeste mense. Die leuen is 'n meester om die waarheid subtiel te verdraai.

Daar was altyd gesê dat die leuen 'n ***halwe waarheid*** is, maar in die huidige samelewing het die definisie verander na 'n "***alternatiewe feit***". Hierdie alternatiewe realiteit word nie bepaal deur objektiewe Bybelse standaarde of 'n meting van waar en vals, reg en verkeerd nie, maar is vervorm tot 'n subjektiewe meerderheidsbesluit. Die standpunt van die meerderheid word voorgehou as die waarheid. Omdat die meerderheid vir 'n voorstel gestem het, '*moet* dit mos' die waarheid wees!

Ongelukkig is diegene wat 'n leuen as waarheid voorhou steeds nie tevrede as hulle in die meerderheid is nie. Daar word geen teenstem teen die leuen geduld nie. Vervolging is jou voorland indien jy nie konformeer by die meerderheidsnarratief nie. Päivi Räsänen, 'n voormalige Finse minister van binnelandse sake, word tans van haatspraak aangekla en staar tronkstraf in die gesig omdat sy geweier het om die leuen te ondersteun en die Lutherse Kerk in Finland se pro-gay houding bevraagteken het. Een van haar "misdade" - sy het 'n foto van haar Bybel, oop by Romeine 1:24-27 op sosiale media geplaas. Dit was blykbaar 'n onvergeeflike oortreding. Om politiek korrek oor die leuen te wees, word daar nie net van 'n mens verwag om 'n leuen te vertel nie, maar om die leuen te glo en te bevorder! Soos 2 Tess. 2:11 sê -*Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo.*

Ons nuwe realiteit word goed beskryf deur die spreekwoord "Só lieg dat jy jouself glo". Ons lees van die skep van 'n virtuele parallelle "*metaverse*" wat deur die groot sosiale-media-maatskappye in die vooruitsig gestel word. Dit is 'n plek waar jy 'n nuwe

persoonlikheid vir jou kan skep om virtueel te kan koop, werk en kuier in 'n fantasiewêreld. Jy kan jou eie "*avatar*" bou om te lyk soos jy jouself in jou verbeelding sien. Hierdie word voorgehou as 'n plek waar jy veilig kan wees. Hierdie herinner aan kleintyd se fantasie-speletjies, maar dit het die volwasse werk- en kuierplek van die toekoms geword.

Stres en werksdruk laat baie mense daarna hunker om te "ontsnap" van die werklikheid. Met grootskerm-TV's en video-stroming ontvlug mense van die realiteit. Alledaagse probleme en bekommernisse word vir 'n wyle vergeet en verplaas met die fantasie van 'n rolprent of video-speletjie. Die onderskeid tussen werklikheid en fiksie word al hoe vaer. Geen wonder mense sukkel toenemend om tussen die waarheid en die leuen te onderskei nie. (Jes. 28:15 - *Ons het die leuen ons skuilplek gemaak, ons kruip veilig weg agter die valsheid!)*

Die spreekwoord wat sê "Lieg asof dit geskryf staan" het wesenlik geword met spanne feite-kontroleerders van *Facebook* en *Twitter* wat die "waarheid" aanlyn kontroleer. In werklikheid word die plasings gekontroleer en verwyder of waarskuwings word geplaas omdat die geskrewe inhoud van die "konsensus-waarheid" afwyk. Waarheid is ongemaklik - dit affronteer sekere groepe - en moet daarom liewer stilgehou of verdag gemaak word. Die leuen word gebruik om die sonde nuut te klee: 'n Aborsie-debat moet byvoorbeeld liewer 'n "debat tussen pro-lewe en pro-keuse standpunte" genoem word.

Selfs in die spreektaal is ons geneig om die erns van 'n leuen te probeer versag - ons sê: "Die waarheid spaar." "Die waarheid tekort doen." "Die waarheid geweld aandoen." "Die waarheid bewimpel." ... eerder as "Ons lieg". Lieg kom egter met 'n prys ... Laat ons onthou - die leuen kom van die Satan, maar God is Waarheid!

Die samelewing het relativisties geword. Die probleem met 'n relativistiese benadering is dat die samelewing nie meer gelei word deur Bybelse morele norme en etiese standaarde nie. In hierdie tyd van post-waarheid en relativisme, het die normalisering van die leuen die norm geword. Die bestaan van objektiewe waarheid word bevraagteken. Hierdie opvatting is geskoei op die pluralistiese teorie van waarheid - dat daar meer as een waarheid is. Die gelykstelling van alle gelowe, kerke en godsdienste en die dwaalstelling dat daar meer as een weg na saligheid is, is uitvloeisels hiervan.

Ons moenie slegs vra: "Wat is waarheid?" nie, maar ook WIE die Waarheid is. Christus self beantwoord hierdie vraag in Joh. 14:6 "...*Ek is die weg en die waarheid en die lewe…*"

Jaco de Ridder (jaco@geloofsbond.org.za)

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### SUIKERBOSRAND NEEM AFSKEID

Soos reeds berig, het ds Jan Schroeder sy tweede emeritaat op 17 Januarie 2022 betree. Ds Johan van Wyk het namens die GHG by hierdie geleentheid gepraat. Ons het die volgende sitaat ontvang rakende ds Jan.

**Ds Jan Adriaan Albertus Abraham Schroeder**



Op 30 September 1933 is Ds Jan Schroeder gebore. Na skool opleiding studeer hy aan die Universiteit van Pretoria en word op 17 Januarie 1958 in die gemeente Sundra georden as predikant. Hy dien ook in die gemeentes van Brakpan – Harmonie, Nigel en Heidelberg, waar hy ook emeriteer.

Ds Jan Schroeder behou egter sy beroep as woordverkondiger gestand, en al is hy 'n boer in murg en been, boer net buite Heidelberg totdat die plaas in 2021 verkoop is, woon nou in Rensburg Heidelberg, maar hou hy nooit op om die woord van die Here te verkondig nie. Op 18 Januarie 2015 word die onafhanklike gemeente Hervormde Kerk Suikerbosrand gestig onder sy leiding, te Heidelberg, in die kerkie by Hoffeldts buite die dorp. Hier word elke Sondag erediens gehou en die 13 lidmate groei sodat die kerkie te klein en die afstand ook 'n probleem word. Daar word 'n kontrak met die Anglikaanse Kerk in Heidelberg gesluit en die eredienste word nou in die dorp gehou, maar hierdie is nie 'n baie gesonde praktyk nie en die gemeente soek 'n nuwe tuiste. Die huidige kerkgebou word op 7 Augustus 2016 ingewy, die kerk is gekoop vanaf die Ou Apostel Kerk vir 'n bedrag van R 651 051.00. Die deposito van R 51000.00 word uit die gemeente se rekening betaal en die R 600 000.00 word by Oranje Kas Bank geleen op 'n verband wat tot 2036 strek. Gedurende die tydperk 2016 tot en met 2021 word amper R500 000 afbetaal deur die inkomstes gegenereer deur verskeie funksies. Dan kom die verrassing in Desembermaand toe 'n anonieme skenker ons help om die verband af te los, hier kan ons duidelik weer die Here se Genade oor die gemeente sien.

Op 17 Januarie 2022 is dit Ds Jan Schroeder se vier en sestigste jaar in die bediening. Ds Schroeder is 'n waardige ampsdraer in diens van die kerk en die Here en ons as gemeente prys die Here vir Sy genade en liefde dat ons saam met hom vandag sy emeritaat kan vier.

Ds Jan Schroeder het dwarsdeur sy predikantsloopbaan die Woord van die Here en die Belydenisskrifte nougeset nagevolg en dit so ook aan sy gemeentes oorgedra. Ons gemeente is een van die mees geseënde gemeentes in die Geloofsbond, want as leraar het ons baie beslis die mees ervare bedienaar van die woord vir die afgelope 7 jaar gehad; 'n predikant wat in al die jare geen preek op skrif of stukkie papier op die preekstoel gebruik het nie, maar die preek kon preek sonder enige hulpmiddel, behalwe gesonde verstand wat die Vader hom so mildelik toegedeel het. Hierdie is nie net 'n jammer dag vir die gemeente nie, maar ook vir die kerk in sy geheel. Daar is darem ook 'n ligpunt in al die afskeid, Ds Jan Schroeder gaan nog steeds op uitnodiging by gemeentes die Woord verkondig.

Die kerkraad van hierdie gemeente het ‘n gesonde platform en kan voortgaan om die gemeente te lei en van hulp te wees. Die gemeente en kerkraad daarenteen gaan Ds Jan Schroeder mis, en ook die diep woorde van sy preke. Die Kerkraad en gemeente wil aan hom en Tannie Lettie die nodige rus gun wat hulle in hierdie kort tyd verdien het. Mag julle die genade, vreugde, vertroosting en die seën van die Here in hierdie aftrede ontvang en dit saam geniet.

Die gemeente Hervormde Kerk Suikerbosrand sal deur al die gemeentes van die Geloofsbond onthou word as die kleinste gemeente wat selfstandig en onafhanklik gestig is, wat met ‘n vaste vertroue in die Here en deur Sy genade gelei word, en dit gebeur nie net onder leiding van ‘n dominee nie, maar onder leiding van ‘n besonderse leraar, Ds Jan Adriaan Albertus Abraham Schroeder, met die Genade, Seën en Vrede van die Here onse God.
Nico van Huyssteen - Suikerbosrand

## Professor HG van der Westhuizen

Professor HG van der Westhuizen het sy sestigjarige ampjubileum gevier. By die geleentheid het ds Piet Viljoen gepraat en namens die GHG gelukwensing oorgedra. Sy toespraak word met goedgunstige vergunning geplaas:

**Sestigjarige ampsjubileum – Professor Dr HG van der Westhuizen.**

Professor en mevrou van der Westhuizen, kinders en feesgenote!

Ek gaan maar eers volledigheidshalwe die goed sê wat u almal weet.

Professor van der Westhuizen is op 21 November 1936 te Vryburg gebore. Hy is ook op Vryburg gedoop en het ook op Vryburg belydenis van geloof afgelê.

Hy het skoolgegaan op Whitehouse, ‘n plaasskooltjie, daarna tot standerd ses op Piet Plessis en toe vir een kwartaal op Mafeking en die volgende drie kwartale van standerd sewe op Stella. Vanweë die beperkte vakkeuses doen hy die laaste skoolfase van standerd agt tot tien selfstudie oor die pos. Daarna is hy Pretoria toe om eers die vereiste BA graad om toelating tot teologiese studie te behaal. Daarna volg toe vanaf 1959 sy BD studie.

Op 5 Desember 1961 word hy gelegitimeer en op 6 Januarie 1962 orden ds. Coen de Lange van Wolmaransstad hom as predikant te Christiana. Sy twintigste, veertigste en vyftigste ampsjubileemvieringe het dan ook te Christiana plaasgevind. Die eerste gemeente wat hy bedien het was die kombinasie Hartswater/Christiana.

Daarna is hy in 1964 na Vliegepoort en in 1966 na die Vryburgkombinasie wat toe bestaan het uit Vryburg, Goede Hoop, Donegal-Molopo en Stella. In 1970 verhuis die van der Westhuizens na Sannieshof en in 1977 na Rustenburg.

In 1969 verwerf professor van der Westhuizen sy doktorsgraad in Sendingwetenskap.

Vanaf 1 Januarie 1979 is hy deur die kerk aangestel as hoogleraar tot emeritaat in 1996. In 1980 word die SP Engelbrecht erepenning vir Kerkgeskiedskrywing aan hom toegeken en ook dien hy in die jare

negentig op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Toe kom hy terug Goede Hoop toe na emeritaat. En dis waar ons nou eintlik begin.

**Blinkklip**.

U weet, in ‘n sekere sin het alles daar begin toe gelowiges daar die gemeenskap van geloof gesoek het en deur hulle geloof gedryf ‘n gemeente begin daar op die voorpos van die kerk in 1913 – Goede Hoop.

En van daar af lê die Van der Westhuizen-gesin se lewe vervleg met die Hervormde Kerk en met die gemeente Goede Hoop.

Op die plaas Goede Hoop word professor van der Westhuizen groot en kry hy “*Ons Geloof*” van Emil Brunner as’t ware met moedersmelk in. Dit is wat sy ma hom leer. Saam met die Bybel wat die fundament van sy hele lewe vorm word so ‘n baie stewige grondslag gelê.

En so skool toe. Uiteindelik maak vakkeuses op die platteland dat daar naderhand maar baie beperkte geleenthede vir ‘n kind is. Dit is duidelik na standerd ses. Toe nog laerskool. Want standerd sewe begin professor op Mafeking. En na die eerste kwartaal daar is hy Stella toe vir die res van die jaar. Maar wat help dit? Beperkte keuses laat jou steeds in tamatielaan. En toe is al oplossing op die ou end die bedekte seën: selfstudie oor die pos tot matriek.

Hierdeur word eie denke en kritiese ingesteldheid tog geslyp. ‘n Man is op jouself aangewese en word gedwing om jou eie gesonde verstand te gebruik. En as dit nou eers gebeur het dat jy jou eie verstand begin gebruik, gaan niemand jou in ‘n kassie indruk om ‘n naprater te word nie. Selfstandige denker is professor van der Westhuizen vandag nog steeds.

En toe na matriek eers bietjie boer voordat Pretoria toe gegaan word vir BA. Hierdie bietjie boer hou vandag nog aan daar op Goede Hoop vanuit die huis wat met koshuisbakstene gebou is.

Op koshuis is Jan Spies professor se kamermaat en praat die twee uiteraard oor alles en nog wat. Jan wil ook predikant word, maar sy kop neig politiek toe. SAP. Daardie jare is die politiek nog lewendig. Maar Jan se stem en manier van praat is nie so indrukwekkend nie. “Mind you”, sê hy, oom Jannie (Smuts) s’n is ook nie so “bright” nie. Uiteindelik sou daardie stem en manier van storievertel dr. Jan Spies, die taalwetenskaplike, volksbesit maak. Kamermaat en gespreksgenoot.

Gedurende sy BD studie kom professor se kritiese ingesteldheid sekerlik die beste na vore in wat hy en ander studente doen toe hulle professor Albert Geyser van dwaalleer aankla na aanleiding van opmerkings tydens Nuwe Testament lesings. Dit is ‘n baie bekende saak en ek gaan nie vandag verder daarop in nie; anders as om net te sê hier sien ons dat hy g’n soetkoekvreter geword het soos baie studente wat maar bloot napraters van dosente word en dan in eksamens net vir die dosent terugsê wat hy by hom gehoor het om dan nou weer heeltemal dit wat geleer is te vergeet sonder dat die materiaal ooit in die brein grondgevat het nier. Miskien omdat

mense so min dinge verstaan. En dalk veroorsaak dit op die ou end die krisis in die kerk omdat kennis so eentonig en oppervlakkig geraak het.

Nadat professor van der Westhuizen sy BD studie voltooi het, gelegitimeer en georden is, hou hy aan met studeer. Hy wat nie studeer nie, is nie bekeer nie.

Formeel loop hierdie studie uit op ‘n verhandeling in Sendingwetenskap in 1969 waarvoor ‘n DD graad aan hom toegeken is. Professor hou egter lewenslank gedissiplineerd aan om te studeer. Letterlik elke dag is tyd afgesonder om aan studiewerk te spandeer.

Gemeentes is nogal lief daarvoor om vir ‘n gemeenteseun wat predikant word ’n toga te gee sodat hy darem reg aangetrek kan wees vir sy amp. Ampsdrag. So het my grootwordgemeente ook gemaak. En ek het dit ook beleef dat ‘n ouderling die geldigheid van ‘n kerkraadsbesluit bevraagteken omdat al die ouderlinge dan nou nie ampsdrag aan het nie.

Ek weet nie wie professor se toga en bef vir hom gegee het nie.

Wat ek wel weet, is dat Goede Hoop, die grootwordgemeente van professor van der Westhuizen, aan iets baie belangriker gedink het toe hy georden is.

Enige vakman het ‘n behoorlike werkbank nodig waar hy sy vak kan beoefen. Derhalwe het daardie baie bedrewe vakman, oom Peet, opdrag gekry om sy kabinetmakervakmanskap te gebruik om vir die jonge proponent ‘n doelmatige lessenaar te maak.

Oom Peet was ‘n man wat nie elektriese gereedskap gebruik het nie. Hy het alles met die hand gemaak. Uiteindelik ‘n unieke kiaathoutlessenaar waar die vakman in die teologie sy ambag kan bedryf. Nodeloos om te sê die presiese oom Peet is die presiese professor se neef.

En het hy nie die lessenaar deur die jare goed gebruik nie! Ag, dit weet ons.

Op hierdie lessenaar is sowat dertig selfstandige publikasies, honderde redakteurswerke, versamelwerke en artikels vir tydskrifte geskryf en meer as 2500 preke.

En dit was wat professor as sy belangrikste taak gesien het. Preek. As die teologiebeoefening nie uiteindelik in die prediking aan die gemeente uitdrukking vind nie, vat dit tog nooit grond nie en is dit op die ou end maar denke in die wind. Toe hy die geskenk van Goede Hoop ontvang het, het hy dit as sy lewensroeping aangedui – om te preek.

En dit het hy veral gedoen. Preek!

Na afloop van die vyf en twintig jaar feesvieringe van Upingtongemeente kry ek dr. Malan Storm op Vryburg om die een en ander af te gee. Dr. Storm het toe as skriba die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig. Malan se eerste opmerking daardie dag was waardering oor professor se prediking by daardie geleentheid. Daar is net een professor van der Westhuizen. Meester van sy vak, word die teks tot in die fynste detail ontgin om daaruit die Brood van die Lewe uit ‘n warm hart te bring.

Watwou lank? Wat doen ‘n Christen dan nou in elk geval op die Sondag. Dit is tog

salig om so gevoed, en verkwik met die Woord van God huistoe te gaan. Geloof bring die oortuiging. En so ontvang baie gelowiges oor **jaaare** Brood vir die Lewe. Goed gesif en geknie en uitgebak.

Professor van der Westhuizen emeriteer in 1996 en kom weer na sy boerdery op Goede Hoop toe. Ek is toe die voorsitter van die Ringsraad vir predikante. Professor wil graag inskakel. Gou sien hy ons sukkel en hier moet rigting kom. Kom ons praat oor elkeen se teologiese belangstelling en kry van daar af koers. Ek moet begin.

Die volgende vergadering hier op Vryburg is ek hier. Ek is die voorsitter en moet die gesprek inlei. Hardie Kotze is hier, want hy kan nêrens heen vlug nie. Die vergadering is hier in Vryburg se pastorie. En natuurlik is professor hier. Na die vergadering sien ons dit gaan nie werk nie. Die dominees die skrik vir hulle vak – die teologie. Hulle is bang om dit te bedryf en ek is bevrees dit is vandag nog steeds so!

Wat nou?

Goed! Hier in die Noord-Kaap word baie leesdienste gehou. Professor sal weet. Hy het tog self in elf van die twaalf gemeentes gewerk ( net nie De Aar nie wat later Vanderkloof sou word). Kom ons begin dan werk aan 'n preekbundel vir ouderlinge om hulle te help en dan slyp ons sommer ook ons self. Professor sal die redakteur wees en Hardie die samesteller. Elke dominee moet net drie van die preke wat hy deur die jaar in sy gemeente gepreek het beskikbaar stel, dan bespreek ons dit en na bespreking en verwerking publiseer ons dit vir die ouderlinge.

En daar begin vir ons almal een van die verrykendste ervarings van ons lewe. Toe ons na sewe jaar met bundel sewe ophou, kon ons nie glo hoe ons werk in hierdie sewe jaar verander en verdiep het nie. Bundel sewe was nie meer afskeepwerk nie en ook nie iets waarvoor jy moes skaamkry nie. Bundel een het sleg afgesteek.

So tussendeur kom wysheid en raat vir die lewe. Predikante het nou eenmaal 'n nuk om oor baie te kla en fout te vind. Dis darem erg om so onder die vergrootglas te leef en dat al jou doen en late so tot in die fynste besonderhede ontleed en bespreek word. Net te erg. Ons is mos maar mense.

Nee dominee! Jy woon en leef in 'n glashuis en jy moet ook so in 'n glashuis woon en leef. Almal kyk daar in jou huis en in jou lewe in en almal moet ook die voorreg hê om daar in te kyk en te sien hoe 'n onbesproke lewe jy en ook jou gesin lei. Daar moet niks oor gesê kan word nie. Jy lees nie in die koerante en tydskrifte oor dominees nie.

Professor het die vermoeë om te luister, te verdiskonteer, te verwerk om dan met goeie oordeel koers te gee deur selfstandige denke. Dit het die kerk vanaf gemeentevlak tot oral in die breëre verband beleef en waar geluister is, positief gelei.

Professor, die Hervormde Kerk in die Noord-Kaap was nog altyd diep in u hart. U merk eenmaal op dat iemand wat al oral was en oorsee was en nog nie in die Kalahari nie, nog nêrens was nie. Maar die Kalahari is nie so 'n eenvoudige plek nie. Oom Kosie Pieterse, nou ses en negentig, die sê vir my toe ek hier kom: "Dominee, die

Molopo is soos die see. Hy sluk jou in of hy spoeg jou uit.” Gelukkig het hy my ook ingesluk en lê die Noord-Kaap en sy gemeentes ook in my hart. Jy moet hier ingesluk wees.

Ek het gesê u het hier in elf van die twaalf gemeentes gewerk. U het hier grootgeword en ek glo dis waar u verkleefdheid met ons geloofsgenote hier vandaan kom. En as ek nou iets hiervan sê kan dit nie anders as ek hier ook u jukmaat noem nie. Ouderling Frans Coetzee. Hy het hier saam getrek.

Daar is ouderlinge wat so ‘n onuitwisbare pad saam met die predikant loop in die kerk. In 1966 op Vryburg kruis u paaie met die poliesman. En toe sy werk hom Kuruman toe vat, toe vat hy sy dominee saam.

Ek dink dit was u motivering toe u Sannieshof toe is. Om Noord-Kaap te bedien. En julle twee koop ‘n kerkgebou op Upington nog voor daar regtig ‘n gemeente is. En julle oornag tot by ‘n Rooms-Katoliek toe Hervormers nie daarvoor kans sien nie. Die vreemde skrik julle nie af nie al merk u ook een oggend na so ‘n onrustige wegslaap in ‘n vreemde kooi op: “ou Frans, liewer langs ‘n vreemde vrou as in ‘n vreemde bed”.

Hervormers word bedien tot by Aggeneys en Kleinzee. Vanaf Kuruman ontstaan Kathu, Postmasburg en Upington. Is ek reg as ek dink u het Upington tot drie keer toe gaan bymekaarmaak? Org Basson onthou hierdie derde keer steeds as die kosbaarste tyd in sy lewe danksy u – sy professor van der Westhuizen.

So is oor baie jare so baie lewens aangeraak deur u person en deur u prediking. Daai langes!

En omdat u nie onreg verdra nie, is u die een wat aandring om die ampstatus van ds. Paul van der Walt wat hom baie jare vantevore onregmatig ontneem is toe die Angola boere teruggekeer het Suid-Afrika toe te herstel. En tog moes u die bitter smaak toe die NHKA u in die tande skop.

<u>Blink klip!</u>

Sestig jaar.

Dis tien jaar nou by die edelmetaal, die goud van vyftig jaar verby wat op Christiana gedenk is. Dan is jy by diamant. Min mense kom uiteindelik daarby uit omdat jy een van die baie sterkes moet wees waarvan die Bybel praat om dit reg te kry. Jy moet sekerlik tagtig lewensjare verbygaan.

Min mense kom daar soos wat baie min mense ook regtig weet hoe ‘n diamant lyk – ‘n regte rou steen. Hy is ‘n unieke en ‘n uitsonderlike verskynsel. Elkeen lyk net soos wat hy lyk, daar is nie twee dieselfde nie. ‘n Ster is mos ook ‘n diamant. Maar hy is soos ‘n mambaslang. Jy hoef nooit een te gesien het nie. Jy sal weet dis hy as hy voor jou is.

Ons vier vandag die diamant jubileem van die **blink steen, professor HG van der Westhuizen**. Ons sien u raak en ons eer en waardeer u. ‘n Unieke en bevoorregte mens met wie ons ook bevoorreg is om die lewe mee te deel en te ken. Daar van Blinkklip af.

Alle lewe wat in die Kalahari die woestynswaar oorleef, is veredelde

lewe, skryf u. In die Bybel is die woestyn dikwels die simbool van ware Godsgemeenskap. Om naby God te leef. Te glo. Ons sien so by Moses en Elia en Johannes.

En ons sien hierdie skat van geloof by ‘n twaalfjarige Kalaharikind toe sy ma besig is om ‘n kanselkleed te maak vir Goede Hoop en hy die bewoording kies: God is goed. - Ds Piet Viljoen - Emeritus werksaam in Makeassie en Bloemhof

**Ds Piet van der Merwe se afsterwe.**

Die afsterwe van ds Piet van der Merwe was 'n groot verlies. Om afskeid te neem, is soms baie maklik en by baie geleenthede baie moeilik. Dit hang af van sake soos die aard van die afskeid en jou verhouding met die persoon. By 'n begrafnis is die afskeid aards gesproke finaal en dit is eensydig, jy kan nie eens in gesprek met die ander persoon gesprek voer en behoorlik groet nie. Dit gebeur selfs by geleentheid, en veral soos in die laaste twee jaar, dat ons nie eens daardie laaste behoorlike groet gegun is nie. So het dit gebeur dat ons as Geloofsbond ook in die afgelope tyd vir ds. Freek van der Merwe en ds. Louw Swanepoel verloor het. Weens Covid was getalle beperk; moes ons terugstaan vir naby familie en kon ons nie 'n gepaste huldeblyk daar bring nie. Laat my toe om aan hulle geliefdes ons meegevoel te betuig.

Wanneer die afgestorwene 'n besondere mens was, met 'n merkbare teenwoordigheid en impak in jou lewe, is die saak moeilik. Jy kan nie aan die afgestorwene dank en waardering betuig nie. Ons is gelowiges en sien uit na die weersiens by die wederkoms, ons hoef nie mekaar of God te oortuig van die eindbestemming van 'n geliefde nie. Ons staan vas in die geloof dat elkeen wat glo, die ewige lewe ontvang. Tog is daar onafgehandelde sake op die hart, en vir die doel het ons die gebruik om 'n huldeblyk te lewer. 'n Huldeblyk is daar om mekaar te herinner aan wie ons verloor het, erkenning te gee aan familie en mekaar tot beter aan te spoor. Pieter Johannes van der Merwe is op 3 Oktober 1946 in Pretoria gebore en word groot in Silverton. Hy gaan skool in Silverton Laerskool en voltooi sy skoolloopbaan in 1963 by die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Hy skryf daarna in by Tuks vir BA en voltooi sy BD in 1973. Hy word op 13 Januarie 1974 georden in NHKA Koedoesrand Gemeente. Hy werk opeenvolgend in die volgende gemeentes: Benoni 1976. Schweizer-Reneke 1978. Louis Trichardt 1980. Pietersburg 1984. Louis Trichardt 1995. Zoutpansberg 1998, waar hy ook aftree in 2011. Hulle gaan woon op sy plaas net buite Louis Trichardt totdat hy en Annalize in 2017 na Pretoria verhuis. In breër verband was hy verskeie kere Ringsvoorsitter in die onderskeie Ringe waar hy werksaam was. Hy was paar jaar Redakteur van die Bybelse Dagboek, redakteur van Koers en hy het ook verskeie jare op die Raad vir Gesinsorg gedien.Hy was ook gereeld op skoolrade en –komitees in elke gemeente. Ds van der Merwe het geleef vir die kerk, en soos ons almal weet was hy nie bang om sy sê te sê nie. Hy was nietemin baie erg oor al sy kollegas en het groot moeite gedoen om sy kollegas ruim te onthaal.

Ds. Piet van der Merwe was 'n mens met onwrikbare beginsels; Bybelse beginsels, wat hy nie bereid was om

prys te gee nie. Dit is hierdie selfde teologie wat gemaak het dat hy binne die GHG beland het. Soos reeds gesê, ds Piet het geleef vir die kerk en het met vreugde die juk op sy skouers geneem. Hy was nie blind vir die probleme in die NHKA nie, en was intens betrokke by die eietydse getuienis van 1995. Die NHKA-juk was fyn afgewerk en gepoleer, hy het self met toewyding dit help afrond. In vergulde letters was die naam NHKA op die juk ingesny en beklee met goud. Die probleem was dat die fokus al hoe meer op die mooi juk was en nie die Jukmeester nie. Toe dit duidelik word dat daar 'n ander gees in die NHKA oorneem en heers, toe dit blyk dat die vergulding met gekkegoud gedoen word, het hy homself by die steedsHervormers en later die GHG geskaar. Dit is steeds 'n nuwe juk, rof gekerf. Met die fokus nou op die Jukmeester is, sal die juk by tye ongemaklik wees, maar ons sal saam kan kerf. Sy las is immers lig.

Ds Piet van der Merwe se kennis, ervaring en teologie was van onskatbare waarde. Die mense beweer dat inligting elke agtien maande verdubbel. Ons moet nie kennis met inligting verwar nie. Hoe baie die inligting ookal mag wees, kennis, insig en ervaring oortref dit. Ons ervaar groot verlies daaraan elke keer wat 'n gewaardeerde kollega en vriend tot sterwe kom. Die GHG se innige meegevoel aan almal wat diep geraak is deur die afsterwe van ds Pieter Johannnes van der Merwe.


**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergawe boeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorie boeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com